
# BURGERREGTEMANIFES

Kry jou stem terug!

AfriForum



www.afriforum.co.za
086 10 200 30

Minderhede soos Afrikaners en Afrikaanssprekendes het toenemend van die openbare debat en aksies begin onttrek. Sommige het na binne "geëmigreer" deurdat hulle steeds in Suid-Afrika bly, maar slegs op hul ekonomiese oorlewing fokus, geestelik afgesonder van die gemeenskappe waarbinne hulle hulself bevind. Ander voer dié onttrekking verder deur fisiek na 'n ander land te emigreer.

Hierdie onttrekking bring mee dat minderhede spreekwoordelik hul openbare stem verloor het. 'n Afwesige of onhoorbare stem word natuurlik doodeenvoudig in besluitnemingsprosesse geïgnoreer. Die huidige afwesigheid van minderhede se stem hou nie net negatiewe gevolge vir minderhede self in nie, maar ook vir die land as geheel.

In hierdie konteks het dit baie belangrik geword dat minderhede 'n nuwe manifes moes ontwikkel aan die hand waarvan hulle hul stem kan terugkry en konstruktief aan die openbare lewe en debat kan deelneem.

Die Burgerregtemanifes wat in hierdie dokument vervat word, poog om 'n riglyn te verskaf aan die hand waarvan minderhede hul stem kan terugkry. Dit is die eindproduk van openbare deelname. AfriForum, die burgerregte-inisiatief wat deur die Solidariteit Beweging op die been gebring is, het gedurende April 2006 'n openbare uitnodiging onder meer deur middel van koerantadvertensies, mediaberigte en e-posse aan die publiek gerig om voorstelle oor die inhoud van dié manifes te stuur. Die reaksie was oorweldigend. Net soos mense in 1955 insette gelewer het om die ANC se Freedom Charter te skryf, is AfriForum ook oorval met insette vir hierdie manifes van mense uit 'n verskeidenheid sektore in die samelewing.

AfriForum is trots op die inhoud van hierdie manifes, maar neem nie alleeneienaarskap daarvan nie. Maak dit ook die eiendom van u en die organisasies waarvan u deel is. Kom ons gebruik dit om ons stem tot voordeel van almal terug te kry!

Kallie Kriel
**UITVOERENDE HOOF: AFRIFORUM**

"'n Afwesige of onhoorbare stem word natuurlik doodeenvoudig in besluitnemingsprosesse geïgnoreer."

Ons – die opstellers en ondersteuners van hierdie manifes – oefen die doelbewuste keuse uit om sinvol as Afrikaners blywend vry, veilig en voorspoedig voort te bestaan, met ons diepgewortelde basis aan die suidpunt van Afrika. Ons ken geen ander tuiste nie. Hierdie reg op sinvolle voortbestaan geld vir alle gemeenskappe en ons werk graag saam om 'n beter toekoms vir almal te bereik. In die uitoefening van hierdie keuse tot voortbestaan, word ons deur die universele waardes van vryheid, gelykheid en geregtigheid vir almal besiel.

### JUIS DAAROM DOEN ONS OP 'N DEMOKRATIESE WYSE VOORSPRAAK VIR:

- die uitbouing en instandhouding van burger-, minderheids-, mense- en grondwetlike regte;
- die vestiging van selfstandige en selfrespekterende gemeenskappe;
- die bereiking van skikkings ter bevordering van vreedsame naasbestaan en verdraagsaamheid tussen gemeenskappe;
- die vestiging en koestering van wedersydse erkenning en respek; en
- die vind van 'n balans tussen ekonomiese ontwikkeling, die omgewing en globalisering.

### DERHALWE VERKLAAR ONS HIERMEE VIR ALMAL OM TE WEET:

- dat Suid-Afrika aan alle gemeenskappe en individue behoort wat wettig daarin woon;
- dat geen regering die status van 'n volwaardige demokrasie kan opeis indien sodanige regering nie daarin kan of wil slaag om 'n balans te tref tussen die regte en belange van die meerderheid en dié van minderheidsgemeenskappe nie; en
- dat geen morele regverdiging kan bestaan vir rasgedrewe beleidsrigtings wat enige groepering tot tweederangse burgers in hulle land van geboorte reduseer nie.

Ons aanvaar daarom hierdie Burgerregtemanifes en verbind ons daartoe om geen steen onaangeroer te laat nie vir die verwesenliking van die realistiese droom en toekomsvisie in hierdie dokument uiteengesit, tot voordeel van al die inwoners van Suid-Afrika.

## BURGERREGTE VIR ALMAL!

Ons toekomsvisie vra geen spesiale behandeling vir enige gemeenskap nie, maar maak sterk aanspraak daarop dat die basiese burgerregte eerbiedig moet word waaroor gemeenskappe en individue volgens internasionale verklarings en die Suid-Afrikaanse Grondwet beskik.

In ons aandrang op burgerregte word ons deur die republikeinse tradisie geïnspireer wat gebaseer is op die demokratiese deelname deur en instemming van burgers eerder as 'n slaafse onderdanigheidsmentaliteit.

Verder neem ons met entoesiasme kennis van die mees onlangse ontwikkeling van die idee van menseregte wêreldwyd, ingevolge waarvan kulturele vryheid en minderheidsregte as 'n intrinsieke onderdeel van menseregte as sodanig beskou word, naas die klassieke individuele en sosiaalekonomiese regte wat in die agtiende en negentiende eeu ontwikkel het.

In ons voorspraak vir burgerregte plaas ons ten minste net soveel klem op die internasionaal erkende regte van nasionale minderhede as op individuele menseregte. Ons verbind ons daartoe om die stand van burgerregte in Suid-Afrika voortdurend te moniteer en op gepaste wyse op te tree wanneer dié regte geskend word.

## KULTURELE VRYHEID EN MINDERHEIDSREGTE VIR ALLE NASIONALE MINDERHEDE!

Ons beroep ons op die internasionaal erkende beginsels van kulturele vryheid en minderheidsregte soos vervat in 'n hele reeks internasionale konvensies en verklarings. Dié beginsels is nie iets wat van 'n owerheid se beleid of goedgunstigheid afhang nie, maar is regte wat wye internasionale erkenning geniet.

### AAN DIE HAND VAN HIERDIE KONVENSIES EN VERKLARINGS SAL ONS SONDER OPHOU WERK VIR ONDER MEER:

- Gelyke regte en verpligtinge vir die algehele bevolking, met inbegrip van lede van minderheidsgemeenskappe;
- Inspraak en besluitnemingsbevoegdhede vir minderhede op alle regeringsvlakke ten opsigte van sake wat hulle direk raak. In 'n ware demokrasie word minderhede nie op 'n permanente grondslag uitgelewer aan besluitneming deur die meerderheid nie;
- Vrye deelname in ekonomiese bedrywighede deur lede van minderheidsgemeenskappe. Die staat mag nie beleidsrigtings instel wat minderhede op diskriminerende wyse van vrye ekonomiese deelname uitsluit nie;
- Moedertaalonderwys tot op die hoogste vlak, met inbegrip van die bestaan van enkelmediuminstellings. Geen staat mag onder die dekmantel van toegang, op die reg tot moedertaalonderwys inbreuk maak nie;
- Taalregte. Minderheidstale moet vryelik in die privaat en openbare domeine gebruik kan word;
- Die regte van minderhede om instellings en organisasies te bedryf. Geen staat mag onder die dekmantel van bevolkingsverteenwoordigendheid die bestaan van minderheidsinstellings onmoontlik maak nie;
- Die reg van minderhede en ander burgers om as eersteklasburgers welkom in hulle land van geboorte te voel. Geen regering kan passief toekyk hoe duisende burgers die land verlaat omdat hulle soos tweedeklasburgers voel nie;
- Vrye assosiasie. Assosiasie met 'n nasionale minderheid is volledig vrywillig en geen persoon mag as gevolg van só 'n keuse benadeel word nie;
- Godsdiensvryheid en die reg van gemeenskappe om hulle godsdiens ooreenkomstig met hulle eie kulturele gebruike te beoefen;
- Vrye deelname deur minderhede aan die openbare lewe, sportspanne en ander aktiwiteite, op grond van meriete;
- Die reg van minderhede om, soos die res van die bevolking, billike voordeel te trek uit die belasting wat hulle betaal en inspraak in die aanwending daarvan te geniet; en
- Die beginsel dat kwessies rakende nasionale minderhede sake van legitieme internasionale belang is en nie bloot huishoudelike aangeleenthede van die betrokke state nie.

### ONS SAL DIE STAAT VOORTDUREND WYS OP SY VERPLIGTING OM INGEVOLGE DIE INTERNASIONALE DEKLARASIES:

- Die kulturele, linguistiese en godsdienstige identiteit van nasionale minderhede te beskerm en te bevorder om vriendskaplike betrekkinge tussen bevolkingsgroepe, vrede, demokrasie, geregtigheid en stabiliteit te bevorder; en
- Omstandighede en meganismes te skep vir die doeltreffende betrokkenheid van nasionale minderhede in die openbare lewe en ekonomiese bedrywighede.

## GRONDWETLIKE REGTE MOET IN DIE PRAKTYK VERWESENLIK WORD!

Ons vereenselwig ons met die verklaring in die Aanhef tot die Grondwet van Suid-Afrika (1996), dat "… Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid", asook die waardes en regte daarin vervat soos onder meer menswaardigheid, gelykheid, menseregte en vryhede.

- Eerstens besef ons die grondwetlike regte van burgers sal bloot papierregte bly indien die mooi simboliese gebare en uitsprake wat daaruit voortvloei nie met die werklikhede

strook wat landsburgers, insluitend minderhede, daagliks beleef nie.
Die groeiende gaping tussen die mooi beloftes van die Grondwet en die regering en dit wat in die praktyk realiseer, word onder meer gevoed deur die feit dat grondwetlike regte buite die bereik van gewone landsburgers is weens die hoë koste wat aan die afdwinging daarvan in die howe verbonde is.
Juis daarom verbind ons onsself daartoe om alles moontlik te doen om toe te sien dat die regte soos in die Grondwet vervat word in die praktyk realiseer, nagekom en uitgebou word. Ons sal enige poging teenstaan om die regte soos vervat in die Grondwet te ondermyn en dit ondergeskik te stel aan rasgedrewe politieke agendas wat in die naam van transformasie uitgevoer word.

- Tweedens kom ons te midde van veranderde magsverhoudings en nuwe werklikhede al meer in die praktyk tot die gewaarwording dat die Grondwet bepaalde gebreke het ten opsigte van die regte en belange van minderhede in Suid-Afrika.

Ons staar ons nie teen die bogenoemde gebreke blind nie en funksioneer binne die werklikhede van ons bestaande omgewing. Derhalwe eis ons vir onsself en ander al die regte en verpligtinge in die Grondwet op.

## ONS SAL ONSSELF IN BESONDER BEYWER VIR DIE VERWESENLIKING VAN DIE VOLGENDE GRONDWETLIKE REGTE:

- Die bevordering en beskerming van veeltaligheid [Artikel 6].;
- Die reg op gelykheid [Artikel 9]. Ons verwerp enige poging om voor die voet individue en veral lede van minderheidsgemeenskappe in die naam van gelykheid aan ongelyke behandeling te onderwerp, aangesien vindingryke metodes gevind kan word om gelykheid sonder die skepping van nuwe ongelykhede te bewerkstelling;
- Die reg op die beskerming van menswaardigheid [Artikel 10]. Ons sal poog om almal se menswaardigheid te beskerm en sal onder meer teenstand bied teen die skending van menswaardigheid deur die praktyk van rasseklassifikasie deur die owerheid en ander instellings waarvoor daar geen wetlike raamwerk bestaan nie;
- Die reg op veiligheid [Artikel 12]. Ons eis dat die staat geweldsmisdaad op plase, in landelike nedersettings, dorpe en stede uitroei;
- Die reg op godsdiensvryheid [Artikel 15];
- Die reg op vryheid van uitdrukking [Artikel 16];
- Die reg op vryheid van assosiasie [Artikel 18];
- Die reg op billike arbeidsverhoudinge [Artikel 23];
- Regte rakende die beskerming van die omgewing [Artikel 24];
- Eiendomsreg [Artikel 25];
- Die reg op maatskaplike bystand aan kinders en individue [Artikel 27 & 28]. Ons beskou dit as oneties en ongrondwetlik om ras as maatstaf in die toedeling van maatskaplike subsidies te gebruik, veral in die lig daarvan dat armoede toenemend geen kleur ken nie;
- Die reg op onderwys, insluitend die reg op onderwys in die amptelike taal van eie keuse en die reg op enkelmediumskole [Artikel 29];
- Die reg van elke persoon om die taal van eie keuse te gebruik en aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem [Artikel 30];
- Die regte van lede van kultuur-, godsdienstige- en taalgemeenskappe [Artikel 31];
- Regverdige administratiewe optrede [Artikel 33];
- Die afdwinging deur howe van regte soos in die Handves van Regte vervat [Artikel 38];
- Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe [Artikel 185]. Ons sal ons daarvoor beywer dat dié Kommissie die doel dien waarvoor dit gestig is en nie ontaard in 'n voertuig wat ander agendas dien nie; en
- Die reg op selfbeskikking [Artikel 235].

## SELFSTANDIGE EN SELFRESPEKTERENDE GEMEENSKAPPE MOET GEVESTIG WORD!

In die gees van die republikeinse tradisie glo ons in regering met beperkte en duidelik omskrewe magte, en in 'n lewenskragtige en aktiewe burgerlike samelewing. Ons verwerp 'n te groot burgerlike afhanklikheid van die staat en glo dat mense hul eie toekoms met hul eie kragte en inisiatief moet bou. Juis daarom beywer ons ons vir die vestiging van selfstandige en selfrespekterende gemeenskappe as die boublokke vir 'n suksesvolle Afrika.

## VREEDSAME NAASBESTAAN EN VERDRAAGSAAMHEID MOET DEUR SKIKKINGS BEREIK WORD!

Ons glo en word gedryf deur die oortuiging dat geen gemeenskap se voortbestaan en vooruitgang op die beoefening van onreg teenoor ander gegrond kan word nie. Dit is 'n resep vir polarisasie en onverdraagsaamheid. Juis daarom beywer ons ons vir 'n politieke bestel waar – te midde van veranderde magsverhoudings en nuwe werklikhede – skikkings vir die botsende belange van gemeenskappe op 'n voortdurende grondslag gesoek moet word.

Ons word besiel deur die feit dat dit wel moontlik is om in die gees van die soeke na wen-wen-oplossings 'n formule te ontwikkel wat vreedsame naasbestaan en verdraagsaamheid tussen gemeenskappe sal bevorder. Dit bekommer ons ten diepste dat die soeke na wen-wen-oplossings tans nie bestaan nie en dat die meerderheid se belange tans ten koste van minderhede onder die dekmantel van demokrasie en transformasie bevorder word.

## WEDERSYDSE ERKENNING EN RESPEK MOET GEVESTIG EN GEKOESTER WORD!

Wen-wen-oplossings kan bereik word indien daar wedersydse erkenning en respek tussen die meerderheid- en minderheidsgemeenskappe bestaan. Derhalwe beywer ons ons vir 'n bestel waar die bestaan van verskeidenheid nie net erken nie, maar ook gerespekteer word. Die kriminalisering van 'n gemeenskap se geskiedenis en die miskenning van plekname, monumente en museums wat sentraal in dié gemeenskap se erfenis staan, is 'n daad van miskenning en disrespek.

## EWEWIG TUSSEN EKONOMIESE ONTWIKKELING, DIE OMGEWING EN GLOBALISERING MOET GEVIND WORD!

Ons erken die materiële grondslag van ons eie en ander gemeenskappe se bestaan en besef dat burgerregte nie veel beteken vir mense wat nie kos het om te eet nie. Juis daarom beywer ons ons vir 'n nuwe vryemarkekonomiese denkraamwerk – een wat sowel die sosialisme as die markfundamentalisme verwerp. Die een se prys is hongersnood en ellende; die ander s'n onvryheid.

Ons toon solidariteit met álmal wat honger ly en hul kinders geen behoorlike bestaan en opvoeding kan gee nie. Ons streef na 'n bedeling wat ook op die ekonomiese terrein aan demokrasie en gelyke regte 'n praktiese beslag kan bied. Derhalwe spreek ons ons teen grootskaalse staatsinmenging in die ekonomie uit, maar is eweneens gekant teen die kultuur wat winsbejag tot alfa en omega in die privaat sektor verhef en waarvolgens die belange van werknemers en die omgewing bloot teorie is.

Ons verwelkom die toegang wat globalisering ons tot die res van die wêreld bied. Ons is bewus daarvan dat dit tot stagnasie en ondergang sal lei indien ons sou poog om onsself van die res van die wêreld af te skerm.

Tog weet ons dat ons gemeenskapselfstandigheid en plaaslike ekonomiese ontwikkeling broodnodig is om die negatiewe gevolge van globalisering te bekamp. Ons beywer ons derhalwe daarvoor dat 'n ewewig tussen ekonomiese ontwikkeling, die omgewing en globalisering gevind moet word.

## 'N OPROEP!

Almal word opgeroep om in die gees van vriendskap saam met ons na maniere te soek waarop 'n balans tussen die regte en belange van die meerderheid en dié van minderhede gevind kan word. Ons beskou dié Burgerregtemanifes en die aksies wat daaruit voortvloei as 'n noodsaaklike bydrae tot die skepping van 'n grondslag vir vreedsame naasbestaan in die toekoms.

**ONS SAL AANHOU WERK AAN HIERDIE TOEKOMSVISIE EN IDEALE TOTDAT DIT VERWESENLIK WORD!**

AfriForum

# SLUIT VANDAG AAN!

SMS jou naam na 32077 (SMS kos R1)

**Posadres:** Posbus 17216, LYTTELTON, 0140
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**E-pos:** afriforum@afriforum.co.za